CPM

Huishoudelike Reëls en Riglyne

HUISHOUDELIKE REËLS EN RIGLYNE

1. AANKOMS- EN VERTREKTYE

- Aanvangstye: Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 12:00
- Aankoms: Indien leerder skool toe kom nadat onderrig reeds begin het, moet hul die klas stil binnekom en boodskappe moet asseblief aan een van die assistente deurgegee word.
  Reëlings moet asseblief vooraf getref word indien u kind later gaan kom of afwesig gaan wees vir die dag.
- Vertrektye: Onderrig eindig om 12:00. Nasorg begin direk daarna.
  Vooraf reëlings moet getref word wanneer u kind vroeër of later afgehaal word.
- Afskeid: Wanneer u u kind aflaai, groet u kind beslis en verseker hom/haar van u liefde. Wees versigtig om u kind nie met negatiewe woorde agter te laat nie. **Hoe vinniger en fermer die afskeid, hoe makliker vir ouer, kind en opvoeders.**

Ons verseker u van ‘n omgewing wat sekuriteit bied en dat ons die situasie met empatie sal hanteer.

2. ALGEMENE GESONDHEID

Kinders word volgens die volgende gevalle weggewys:

- Wanneer u kind nie aan aktiwiteite kan deelneem as gevolg van ’n siektetoestand nie.
- Indien u kind se toestand ’n gesondheidsrisiko vir ander kinders inhou.
- ’n Buitengewone koors bo 38˚C.
- Diarree en naarheid.
- Simptome van kindersiektes.
- Indien kindersiektes/aansteeklike siektes voorkom, mag u kind eers volgens die volgende riglyne weer by die skool toegelaat word.

Chicken pox	When all scabs are dry, which would be roughly after a week
Colds and Flu	2 to 3 days after first symptoms
Mumps	After symptoms are gone
Rubella (Measles)	At least 7-10 days after first symptoms
Streptococcus	After symptoms are completely gone
Tuberculosis	2 to 3 weeks after first symptoms

Hepatitis A	At least 7-10 days after first symptoms
Pink Eyes	24 hours after medication has been given. It usually subsides after about a week.
Impetigo	After infection is gone. With treatment it usually subsides within 5 days.
Hand foot and mouth disease	7-10 days after first symptoms
Lice	After the problem has subsided completely
Measles	5-7 days after the rash shows

3. BESERINGS & MEDIKASIE

- U word onmiddellik in kennis gestel in geval van beserings, in ernstige gevalle sal u kind na die plaaslike dokter vervoer word, soos aangedui op inskrywingsvorm. Die ouer sal verantwoordelik gehou word vir alle mediese onkostes.
- In geval van koors sal die ouers in kennis gestel word.
- Neem asseblief kennis dat ons nie enige medikasie aan leerders mag gee nie. As u kind onwel is, hou hom/haar asseblief tuis om te voorkom dat die siekte na ander leerders versprei.

4. LYS VAN BENODIGHEDE

Jaarliks:
- 1x pak "wet-wipes"
- 1x boksie pleisters
- 2x bokse "tissues"
- 1x bottel Handy Andy of Domestos
- 1x bottel Toiletduck
- 2x bottels vloeibare handewasseep
- 1x voorskoot (sonder toutjies)
- 1x stoelsakkie (klein)
- 1x pak dik "TEDDY" vetkryte
- 1x 43g Pritt
- 1x A4 Flipfile lêer (10 sakkies)
- 1 x lugverfrisser ("air freshener")
- 1 x skêrtjie (**slegs vir Gr. RR maats**)

MAATJIES WAT NOG DOEKE DRA

- 3 x pakke "wet-wipes" per kwartaal
- 1 boksie weggooi-doeksakkies
- Weggooi-doeke (ten minste 5)
- Boudjiesalf/Vaseline om in klas te hou
- 2 stelle klere
- Slaapmatrassie met kombersie
- Geen fopspeen asseblief

- **Alle benodighede moet asseblief duidelik gemerk word.**

Daagliks:
- Rugsak
- Ekstra stel klere

Hoed (somer)

Kosblik en water/sap (genoeg vir twee versnaperingstye)

- Ouers moet asseblief hul kinders reeds soggens tuis met sonbrandroom insmeer.
- Gesonde kos in die kosblikkies is van uiterste belang. U is welkom om Vrydae ’n lekkerny in te pak.

5. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Buitemuurse aktiwiteite word by CPM – Jelly Tots deur eksterne partye aangebied op die skool se perseel. Dit is die ouers se plig om direk met hierdie partye te kontrakteur en reëlings te tref.

Beskikbare aktiwiteite: Rugga Roots (ontwikkeling van rugbyvaardighede)

Shift netball

6. KLEREDRAG

- Gemaklike, ou klere en skoene moet asseblief aangetrek word. Alle klere moet duidelik gemerk word.
- Dogtertjies moet asseblief ‘tights’ onder hul rokkies dra.
- **Dogtertjies se hare moet te alle tye vasgebind wees. Geen los hare word toegelaat nie.**
- Verlore besittings word in die verlore items houer geplaas.

7. PARTYTJIES

- ’n Verjaarsdag is ’n groot gebeurtenis en ons deel graag daarin.
- U is welkom om u kind se partytjie by die skool te hou. Vooraf reëlings moet asseblief getref word. Partytjies word om en by 11h00 gehou.

8. TOELATINGSBELEID

- Kinders vanaf die ouderdom van twee jaar word toegelaat by CPM – Jelly tots.

9. DAGPROGRAM

Hierdie is ` n voorbeeld van die dagprogram. Tye mag wel wissel indien dit nodig is.

08:00 – 08:15	Kinders word ontvang. Vryspel binne / buite
08:15 – 08:30	Klasregister en Godsdiens (Oggendkring)
08:30 – 08:40	Toiletroetine en hande was.
08:40 – 09:00	Eerste oggendverversing

09:00 – 10:20	Gerigte spel
10:20 – 10:30	Opruim en wegpak
10:30 – 10:40	Toilet roetine en hande was
10:40 – 11:00	Tweede oggendverversing
11:00 – 11:45	Vryspel binne / buite Gerigte buitespel
11:45 – 12:00	Storietyd, liedjies, rympies en groet
12:00	Klas verdaag en vryspel

10. OUERBETROKKENHEID

- Daar word van ouers verwag om voordurend betrokke te wees by u kind se ontwikkeling en vordering.
- Oueraande en persoonlike afsprake maak voorsiening vir kommunikasie, veral vir die bespreking van u kind se ontwikkeling en vordering.
- 'n Vriendelike versoek word aan u as ouer gerig om ons in te lig van enige trauma wat u kind mag beleef (bv. egskeiding, dood van 'n geliefde, afwesigheid van 'n ouer, ens.) sodat ons u kind op die korrekte wyse kan hanteer. Ons beloof dat bogenoemde inligting met die nodige sensitiwiteit en vertroulikheid hanteer sal word.

11. KOMMUNIKASIE

- Daar word op 'n weeklikse basis met die ouers gekommunikeer deur die "Friday Weekly" wat elke Vrydag per e-pos aan al die ouers gestuur word.
- Onderwysers kommunikeer met hul klas se ouers deur middel van WhatsApp en/ SMS's. Die "WhatsApp klasgroepies" word deur die onderwysers gebruik vir die doel om **skoolverwante aspekte** alleenlik met ouers te bespreek.

12. STIMULASIEKLASSE

Stimulasieklasse word volgens die NCF (Nasional Curriculum Framework) met 6 ELDA's (Early Learning and Development Areas) as hoof-afdelings aangebied. Daar word ook weekliks 'n spesifieke tema behandel. Die stimulasie klasse is 'n geïntegreerde program met 'n holistiese benadering om kinders in totalitiet te ontwikkel.

- **ELDA 1: Well being**

  - Being well nourished.

  - Having good health.

  - Being safe and secure.

  - Developing physical abilities and interest in physical activities.

  - Building resilience.

- **ELDA 2: Identity and belonging**

  - Children are aware of themselves as capable and confident learners.

  - Children have a strong sense of self care.

  - Children build strong relationships.

  - Children have a sense of group identity and a sense of celebrating differences.

- **ELDA 3: Communication**

  - Children listen to sound and speech.

  - Children speak using different styles of communication.

  - Children make meaning by "reading" what they see, hear, feel, taste and touch.

  - Children record their experiences and ideas through language, sounds, art, drama and later on through "writing".

- **ELDA 4: Exploring mathematics**

  - Children show awareness of and are responsive to number and counting.

  - Children sort, classify, make comparisons and solve problems.

  - Children explore shape, space and measure.

- **ELDA 5: Creativity**

  - Identifying, searching for and creating solutions to challenges through problem solving.

  - Identifying, searching for and creating solutions to challenges through play and make believe.

  - Identifying, searching for and creating solutions to challenges through visual art activities.

  - Identifying, searching for and creating solutions to challenges through music, dance and drama.

- **ELDA 6: Knowledge and understanding of the world.**

  - Children explore and investigate their life world.

  - Children explore design, make items and use technology.

  - Children explore and investigate time and place.

- Twee assesserinverslae word gedurende die jaar aan ouers voorsien (Junie en Desember).
- Ekstra aktiwiteite:
- RSD en Shift netbal
- Bak-en-Brou
- Musiek- en sangles (aangebied deur Jehan van Niekerk)
- Fietsie dag (kinders bring Vrydae hul eie fietsies saam skool toe).
- Snoepiedag (elke Vrydag hou die Jelly Tots hul eie snoepiedag).

13. OPVOEDINGSFILOSOFIE

- Die eerste 7 tot 9 jaar is die belangrikste vormingsjare van ’n kind se lewe en dit vorm die basis van alle toekomstige leer.
- **Emosionele stabiliteit, selfstandigheid en geborgenheid** vorm die basis van ander ontwikkeling.
- Gelukkige kinders is soveel meer aanvanklik om te leer en te groei; fisies en emosioneel
- Kinders word gemotiveer om te leer deur te speel met ’n holistiese benadering om in totaliteit te ontwikkel tot elkeen se eie vermoë en potensiaal.
- Spesiale fokus word geplaas op kommunikasie en luistervaardighede.
- Elke kind word aanvaar en is belangrik soos hy/sy is.
- Die uniekheid van elke kind word erken en gerespekteer.
- Goeie roetine en struktuur bied sekuriteit en laat kinders veilig en geborge voel.

14. DISSIPLINE

- Dissipline word toegepas deur ’n wyse van positiewe gedrag versterking (die gebruik van opbouende woorde, liefde en prys). Kinders floreer beter deur positiewe gedragsversterking as deur voordurende straf. Deur so wyse word ’n kind se positiewe selfbeeld, selfstandigheid en instrinsieke motivering versterk.
- Straf word in uiterse gevalle toegedien deur die kind van die aktiwiteit/situasie te verwyder en die onaanvaarbare gedrag aan die kind te verduidelik.
- Ons fokus daarop dat wanneer ’n kind gedissiplineer word, die kind nie persoonlik afgekraak en sy/haar selfbeeld afgebreek word deur die proses nie. Die kind se gedrag en die verkeerde daad word aangespreek.
- Ons maak nie gebruik van woorde soos stout, stout- stoeltjie/stout- hoekie, ens nie aangesien dit ’n kind negatief kan “affekteer”.
- Met uitsonderlike gevalle van onaanvaarbare gedrag word dit met die kind se ouers bespreek om saam ’n oplossing te vind

15. HUIS

- Ouers is die **primêre opvoeders** van hul kinders. Goeie dissipline, waardes, respek en gesag word dus by die huis vasgelê. Die skool en opvoeders tree op as u kind se **sekondêre opvoeder** en versterk die bogenoemde wat reeds by die huis vasgelê is.

16. VEILIGHEID

- Kinders mag slegs deur hul ouers/voog afgehaal word. Indien enige iemand anders u kind kom haal, moet daar vooraf reëlings met die skool getref word.
- Indien daar ’n persoon/persone is wat geensins u kind mag kom haal of besoek nie, moet volledige inligting op skrif aan die skool voorsien word.
- Indien iemand anders u kind kom afhaal, moet dit vooraf met onderwyser gekommunikeer word.
- Die veiligheidshek moet te alle tye toegemaak word.

17. JELLY TOTS HEMPIE

- U is welkom om ’n Jelly Tots hempie te bestel.
- Die hempies word gedurende uitstappies, sportsgeleenthede, opvoerings ens. gedra asook elke Vrydag.

18. JAARLIKSE GELEENTHEDE

- Kleuteratletiek

Jelly Tots bied elke jaar ’n kleuteratletiek aan vir ons kleuters vanaf 2 jaar tot Graad R. Daar word ook ander kleutervermaak en stalletjies met eetgoed en drinkgoed te koop aangebied.

- Jaarlikse konsert

Aan die einde van elke jaar bied Jelly Tots ’n konsert aan. Dit in ’n wonderlike geleentheid waar ons bietjie met ons kleuters kan spog oor hoe hulle deur die jaar gegroei en ontwikkel het.

- Jelly Tots markdag

Elke graad kry een maal ’n jaar die geleentheid om ’n markdag aan te bied vir die hele skool. Die doel van die markdag is om fondse te genereer vir daardie spesifieke graad.

19. VAKANSIETYE

- Jelly Tots sal gesluit wees gedurende skoolvakansiedae, publieke vakansiedae en skoolvakansies soos deurgegee word deur die WKOD.

20. NASORG

Al die leerders wat by nasorg ingeskryf is, verdaag na 12:00 na die nasorg waar hulle dan onder die sorg van Mashé Alias sal wees. Skakel gerus vir Mashé indien u enige vrae het of verdere inligting verlang.

- Mashé Alias – 072 741 6418

MOENIE FOKUS OP HUL BEPERKINGS NIE,
FOKUS EERDER OP HUL MOONTLIKHEDE....